MEDIA24

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
(Media24)

Aankondiging van jaarresultate

Opsomming van die geouditeerde gekonsolideerde jaarresultate van die Media24 Beherend-groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2018

WELKOM YIZANI

OORSIG

Media24 se volwasse besighede, bestaande uit koerante, tydskrifte, drukverspreiding en boekuitgewery, het winsgewendheid beduidend verbeter gedurende die oorsigtydperk, danksy streng kostebeheer. Terselfdertyd het sy digitalemedia- en e-handelbedrywighede sterk inkomstegroei teenoor die vorige jaar aangeteken. Omset van R4.7mjd was egter 5% minder as die vorige jaar, hoofsaaklik weens verdere dalings in inkomste uit drukmedia-advertensies en -sirkulasie en 'n futlose ekonomie. Ons het steeds in digitale media, aanlyn mode en e-handelslogistiek belê om die groep vir die toekoms te diversifiseer. Die strukturele inkrimping van drukmedia tesame met die belegging in ons groei-besighede het die handelsverlies met 18% tot R368m laat toeneem. Aanlyn gehore en gebruikersbetrokkenheid het sterk gegroei en verskeie inisiatiewe is van stapel gestuur om die gebruikerservaring met slim tegnologie te verbeter.

BEDRYFSOORSIG

24.com, tuiste van ons digitalemediahandelsmerke, het sy maandelikse bladlese met 9% tot 398m vermeerder, waarvan 85% afkomstig was van mobiele toestelle en apps. Met 15.4m maandelikse gebruikers het 24.com sy posisie as die plaaslike leier in digitale nuus verstewig met 'n gehoormarkaandeel van 45% onder die land se nuuswerwe. News24 Edge, die verpersoonlikte weergawe van News24, die sokkersamevoeger-app DailyKick en die Nigeriese nuussamevoeger Bounce het bemoedigende groei in gebruikers en aktiewe installerings getoon. Teen einde Maart was Bounce die top-nuusapp in Nigerië en is dit meer as 'n miljoen keer afgelaai. Die finansiële nuuswerf Business Insider is in Februarie 2018 suksesvol bekendgestel. Media24 het 'n rekord 21 toekennings by die jaarlikse Bookmark-pryse vir digitale uitnemendheid gewen.

Ons het die waardeaanbod van ons Afrikaanse betaalmuurtitel Netwerk24 wesenlik versterk deur die gedrukte en digitale inhoud van ons Afrikaanse tydskrifte te voeg by die inhoud wat deur ons nuusspanne landswyd gelewer word. Met die slagspreuk 'Alles op een plek' het Netwerk24 se intekenare met 73% verhoog en hom ingegrawe as die grootste nuus- en leefstyl-betaalwerf in Suid-Afrika. Die digitale inhoud van ons Engelse tydskrifte is nou beskikbaar op ons vlagskip- Engelse digitale eiendom, News24, en sy inhoudskanale. Betrokkenheid het aansienlik gegroei; teen jaareinde het lesers gemiddeld 21 minute per dag op die Netwerk24-app en meer as 19 minute per dag op die News24-app bestee.

Ons **drukmedia**-afdeling het sterk resultate aangeteken, gerugsteun deur stewige kleinhandelbesteding aan koerantadvertensies en kostedoeltreffendhede wat winsgewendheid 'n hupstoot gegee het. Ons koerante en tydskrifte het hul markleierposisies ten opsigte van sirkulasie en advertensies gehandhaaf. Soccer Laduma, die land se grootste weekblad gemeet aan leserstal en verkoopte eksemplare, en Son het rekordwinste gelewer. Ons gee vyf van die land se toptienkoerante en ses van die toptientydskrifte, gemeet aan sirkulasie, uit. Die sindikasiefiliaal Gallo Images het sterk groei in Oos-Europa behaal en 'n rekordwins aangeteken.

Die Afrikaanse leefstyl- en vermaaktelevisiekanaal **VIA** het sy daaglikse kykertal met 70% verhoog en verskeie pryse vir sy programme gewen.

Ons **boekuitgewers** het 'n uitstekende jaar gehad; Jacques Pauw se The President's Keepers (uitgegee deur Tafelberg) was een van die vinnigs verkopende titels in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse boekbedryf. Jonathan Ball Publishers se plaaslike uitgewerslys het ook topverkopers ingesluit soos Enemy of the People deur die Media24-redakteurs Adriaan Basson en Pieter du Toit, en Redi Tlhabi se Khwezi. NB-Uitgewers en Jonathan Ball Publishers het hul posisies as onderskeidelik die grootste plaaslike handelsuitgewer en handelsagentskap gehandhaaf. Die akademiese uitgewer Van Schaik en die skoolboekuitgewer Via Afrika het ook hul winsgewendheid verhoog, gerugsteun deur stewige handboekbestellings.

Die aanlyn modewinkel **Spree** het kopers met 28% en bestellings met 49% vermeerder teenoor verlede jaar. Beeldsoekfunksionaliteit is op die Spree-app bekendgestel waarmee gebruikers foto's kan oplaai en soortgelyke items op die app kan besigtig – 'n eerste vir e-mode in Afrika. **Kontraklogistiek**, Suid-Afrika se grootste e-vervullingsmaatskapy wat Spree sowel as groot kleinhandelaars wat aanlyn sake doen bedien, het stewige omsetgroei behaal. Sy vertoning is egter geraak deur pakhuisontwrigtings by die verspreidingsentrum in Johannesburg. Die aanlyn werwingsportaal **Careers24** het sy produkaanbod aansienlik opgeskerp en beduidende vordering gemaak met sy waardeaanbod aan kliënte.

DIREKSIE

Soos voorheen gerapporteer, het Cindy Hess, finansiële hoof van die Media24-groep en direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie, op 31 Oktober 2017 uit diens getree. Die Media24-direksie bedank Cindy vir haar waardevolle bydrae en wens haar voorspoed toe met haar toekomsplanne. Abduraghman (Manie) Mayman, voormalige groep- finansiële hoof en huidige nie-uitvoerende direkteur van Media24, is vanaf 1 November 2017 as waarnemende groep- finansiële hoof aangestel.

FINANSIËLE OORSIG

Met ingang van 25 September 2017 het Media24 sy belegging in Novus Holdings (Novus) van 66.5% tot 19% verminder via 'n ontbondeling aan Naspers-aandeelhouers. Dit is gedoen om te voldoen aan die Mededingingstribunaal se voorwaarde vir goedkeuring van 'n samesmelting van die twee maatskappye. Sedert 31 Maart 2018 word die oorblywende 19%-belegging in Novus gedra as 'n beskikbaar-vir-verkoop-belegging en word Novus se resultate nie meer op 'n item-vir-item-grondslag gekonsolideer nie. Novus se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2017, asook die verlies wat met die ontbondeling gely is, word dus weergegee as beëindigde bedrywighede, onder bedryfswins, met vergelykbare syfers dienooreenkomstig heraangegee.

Media24 (Novus uitgesluit) het bevredigende resultate aangeteken; die verwagte daling in tradisionele inkomstebronne is teengewerk deur wesenlike kostebesparings.

Die groeiportefeulje van digitale besighede het sy omset gedurende die tydperk met 23% verhoog, grootliks danksy Spree (+53%) en digitale media (+12%). Dit het 15% van Media24 se totale omset bygedra. Hierdie besighede het steeds belê om skaal uit te brei en 'n gelykbreekpunt te bereik, wat 'n hoër netto bedryfsverlies vir die groeiportefeulje tot gevolg gehad het. Aanlyn reis, die televisiekanaal VIA en HuffPost SA het ook tot nuwe omset bygedra. Dit is verblydend dat die handelswins van die volwasse besighede, wat drukmedia en boekuitgewery sowel as verspreiding insluit, met 62% teenoor die vorige jaar verbeter het. Drukmedia se advertensie- en sirkulasie-inkomste het met 8% en 10% onderskeidelik gedaal, wat ooreenstem met bedryfstendense. Die inkomste uit boekuitgewery was basies dieselfde, maar winsgewendheid het meer as verdubbel.

Vrye kontantuitvloei was beduidend beter as die vorige jaar as gevolg van groter winsgewendheid, verlaagde kapitaalbesteding en opbrengste uit die verkoop van bates, maar is deels verwater deur hoër netto bedryfskapitaal en marginaal hoër belasting wat betaal is.

Weens die Mededingingstribunaal se samesmeltingsvoorwaarde het Media24 herkapitalisasie benodig voor die ontbondeling van sy belegging in Novus. Media24 het dus 70 B- gewone aandele ten bedrae van R1.4mjd aan Naspers uitgereik. Die betrokke Novus-aandele is aan B- gewone aandeelhouers uitgekeer as 'n in specie-dividend. 'n Spesiale kontantdividend van R216m is aan Welkom Yizani verklaar. Dit het 'n spesiale kontantdividend van R14.79 per aandeel aan Welkom Yizani-aandeelhouers tot gevolg gehad, wat verteenwoordigend was van hul proporsionele aandeel in die ontbondelingswaarde. Naspers het afstand gedoen van sy reg om in hierdie spesiale kontantdividend te deel.

Media24 het nou 'n goed gekapitaliseerde balansstaat om sy digitale en e-handelstrategieë uit te voer; R1.4mjd se kontant en ander beleggings is beskikbaar om ons diversifiseringstrategieë in die afsienbare toekoms te finansier.

DIVIDEND

Die direksie beveel aan dat, onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 28 Augustus 2018, 'n dividend van R42m (2017: R42m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word.

WELKOM YIZANI

Welkom Yizani, wat in 2006 gestig is as Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagting, het in Desember 2013 begin om sy aandele te verhandel. Welkom Yizani-aandeelhouers trek sedert 2017 onmiddellike finansiële voordeel uit hul aandele nadat Naspers Beperk, die voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani, verdere voorkeuraandeelskuld en opgeloopte rente ten bedrae van R51.6m wat Welkom Yizani aan hom verskuldig was, kwytgeskeld het. In 2016 het Naspers Beperk altesaam R434m kwytgeskeld.

Die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) het aangedui dat alle tradisionele toonbankverhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul sake in ooreenstemming met die Wet op Finansiële Markte van 2012 (FM-wet) moet bring. Welkom Yizani is deurlopend in gesprek met die Raad op Finansiële Dienste (nou die FSCA) om aan die FM-wet te voldoen. As deel van hierdie proses het MultiChoice en Media24 verskeie opsies ondersoek, wat insluit die stigting van die maatskappy, Yizani Phuthuma Nathi (YPN), wat aansoek gedoen het om 'n beurslisensie vir die verhandeling van aandele wat deur maatskappye binne die Naspers-groep uitgereik is vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging. Gedurende hierdie proses word voortgegaan met die verhandeling van Welkom Yizani-aandele op die huidige verhandelingsplatform.

Welkom Yizani bou voort op sy positiewe skakeling met die Registrateur en bly verbind tot die nakoming van enige aanwysings en/of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word. Dit is vrygestel van voldoening aan die FM-wet vir 'n tydperk van ses maande ná die Registrateur se besluit om 'n beurslisensie aan YPN toe te ken al dan nie. Op 31 Maart 2018 het Welkom Yizani 89 166 aandeelhouers gehad.

Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word op 28 Augustus 2018 gehou. Sy direksie beveel aan dat 'n gewone dividend van R6.2m (2017: R6.2m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit sal 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel (2017: 42.5 sent per gewone aandeel), voor dividendbelasting, wees. Na aftrekking van dividendbelasting sal Welkom Yizani gewone aandeelhouers 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2017: 34 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van die dividend is onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergaderings.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate word opgestel ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state. Die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate is opgestel ooreenkomstig die raamwerkbegrippe, en metings- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saam met die volledige geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate gelees word. Hierdie rekeningkundige beleide is konsekwent toegepas vir al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Handelsverlies sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernwesensverlies sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf vir die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met gelyknamige maatstawwe wat deur ander maatskappye in verslagdoening gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Abduraghman (Manie) Mayman GR(SA), waarnemende groep- finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep.

Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op Media24 se webwerf by **www.media24.com**.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Hierdie aankondiging van jaarresultate is 'n uittreksel van die geouditeerde inligting, maar is nie opsigselfstaande geoudit nie. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat 'n ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het, geoudit. Hierdie ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag by die maatskappy se geregistreerde hoofkantoor gedurende gewone kantoorure beskikbaar (kontak: Manie Mayman). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hy het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
15 Junie 2018

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Voortgesette bedrywighede		
Omset	**4 686**	4 933
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(3 510)**	(3 803)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(1 566)**	(1 459)
Ander winste/(verliese)	**17**	(27)
Bedryfsverlies	**(373)**	(356)
Rente ontvang	**68**	13
Rente betaal	**(8)**	(10)
Ander netto finansieringskoste	**(8)**	(6)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**19**	23
Wins met verkoop van beleggings	**10**	19
Verlies voor belasting	**(294)**	(319)
Belasting	**(35)**	(26)
Verlies uit voortgesette bedrywighede	**(329)**	(345)
(Verlies)/wins uit beëindigde bedrywighede	**(36)**	257
Verlies vir die tydperk	**(365)**	(88)
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(500)**	(196)
Nie-beherende belang	**135**	108
	(365)	(88)
Voortgesette bedrywighede		
Kernwesensverlies vir die jaar	**(353)**	(351)
Wesensverlies vir die jaar	**(381)**	(347)

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSVERLIES NA HANDELSVERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Voortgesette bedrywighede		
Bedryfsverlies	**(373)**	(356)
Amortisasie van ontasbare bates	**3**	4
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**19**	12
Ander (winste)/verliese	**(17)**	27
Handelsverlies	**(368)**	(313)

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Verlies vir die jaar	**(365)**	(88)
Totale ander omvattende (verlies)/inkomste, ná belasting, vir die jaar	**(214)**	2
Kontantvloeiskanse	**24**	–
Aktuariële hermetingsreserwe	**(42)**	5
Billikewaarde-reserwe	**(177)**	–
Beweging in ander reserwes	**(12)**	(3)
Belasting op ander omvattende inkomste	**(7)**	–
Totale omvattende verlies vir die jaar	**(579)**	(86)
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(720)**	(194)
– Voortgesette bedrywighede	**(583)**	(364)
– Beëindigde bedrywighede	**(137)**	170
Nie-beherende belang	**141**	108
Totale omvattende verlies vir die jaar	**(579)**	(86)

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Saldo aan die begin van die jaar	**2 951**	3 191
Totale omvattende verlies vir die jaar	**(720)**	(194)
Veranderings in ander reserwes	**199**	(76)
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(43)**	(41)
Beweging in ander reserwes	**86**	(37)
Beweging in behoue verdienste	**(9)**	41
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(1 275)**	(39)
Inskrywing op B- gewone aandele	**1 440**	–
Veranderings in nie-beherende belang	**(1 273)**	30
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**141**	108
Dividende aan minderhede betaal	**(117)**	(88)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**–**	10
Novus-ontbondeling	**(1 297)**	–
Saldo aan die einde van die jaar	**1 157**	2 951
Bestaande uit:		
Aandeelkapitaal en -premie	**4 867**	4 867
Behoue verdienste	**(2 536)**	(753)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**12**	56
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 527)**	(3 621)
Kapitaalbydrae	**2 517**	1 077
Verskansingsreserwe	**–**	(3)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(59)**	(17)
Billikewaarde-reserwe	**(177)**	–
Valutaomrekeningsreserwe	**9**	20
Nie-beherende belang	**51**	1 325
Totaal	**1 157**	2 951

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Soos op 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**958**	742
Bedryfsbates	**2 442**	1 356
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	3 541
Totale bates	**3 400**	5 639
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE		
Kapitaal en reserwes	**1 157**	2 951
Nie-bedryfslaste	**403**	223
Bedryfslaste	**1 840**	1 746
Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	719
Totale ekwiteit en verpligtinge	**3 400**	5 639

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(163)**	324
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(52)**	(118)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(113)**	(279)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(328)**	(73)
Valutaomrekeningsaanpassings	**–**	(1)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**218**	519
Beweging in kontant weens beëindigde bedrywighede	**409**	(227)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**299**	218

VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Kapitaalbesteding	**4**	49
Bedryfshuurverpligtinge	**195**	209
Verpligtinge	**199**	258

FINANSIËLE INSTRUMENTE

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste (vlak 1) R'm	**Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) R'm**	**Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) R'm**
Die billike waarde van die groep se finansiële instrumente wat teen billike waarde vir elke verslagtydperk gemeet word, word soos volg gekategoriseer:			
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	**278**	**–**	**–**
Laste			
Valutakontrakte	**–**	**7**	**–**
Toekomstige voorwaardelike betalings	**–**	**–**	**27**
	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2017 gegrond op:		
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	–	3	4
Valutakontrakte	–	2	–
Laste			
Valutakontrakte	–	19	–

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2018	2017
	Geouditeer	Geouditeer
	R'm	R'm
Voortgesette bedrywighede		
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(352)**	(367)
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**3**	29
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**(20)**	(2)
– Wins met verkoop van beleggings	**(12)**	(19)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**–**	12
Wesensverlies	**(381)**	(347)
Aangesuiwer vir:		
– Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	**3**	4
– Valutaverliese	**4**	2
– Erkenning van uitgesteldebelasting-bates wat verband hou met verliese gedurende die vorige jaar	**–**	(22)
– Hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**2**	–
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**19**	12
Kernwesensverlies	**(353)**	(351)

BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

	Ses maande geëindig 30 September 2017 Nagegaan	Jaar geëindig 31 Maart 2017 Geouditeer
	R'm	R'm
Omset	1 827	4 312
Uitgawes	(1 526)	(3 951)
Wins voor belasting	301	361
Belasting	(62)	(104)
Wins ná belasting	239	257
Verlies met afstanddoening van filiaal	(275)	–
(Verlies)/wins uit beëindigde bedrywighede	(36)	257
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	(242)	342
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	(79)	(231)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	(88)	(151)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	(409)	(40)

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), E Weideman, G M Landman, S S de Swardt, D Meyer, H S S Willemse, J C Held, A Mayman, J P Bekker, T D Petersen

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196 (Posbus 1266, Bramley 2018)